# DIENSNUUS

Ons gee God se hoop en liefde aan




**Sondag 12/2**:

Biddag vir opvoeding en onderwys

09:30 Erediens Doop/

**Kategese Wes Dankdag**

Deuroffer: Instuut vir Blindes

Diensbeurt : Jongensklip

**Sondag 19/2**

Lydensweek begin

09:30 Nagmaal / Kategese

Deuroffer: Gemeentebediening

Diensbeurt: Konstitusie straat

**ASWOENSDAG 22/2**

Caledongemeente

Ons gee God se hoop en liefde aan

## Voorbidding

Juan du Buisson

Amanda Wolfaardt

**Is jy mans` genoeg om dié te lees?**

Ek is tans besig om `n boek te lees wat so paar vrae by my wek. Hierdie vrae het ook met elke gelowige te doen. Dit daag my uit om oor ons kerk te dink. Oor die kerk in die algemeen ook. Dit laat my aan jou as medegelowige dink. Veral die mans in ons kerk. En veral ook die mans wat nie in die kerk kom nie. Waarom is mans(met die veralgemening in ag) meer geneig om ongemaklik met die kerk te wees as vrouens? In die maand van liefde wonder ek ook of dit nie meer gefokus is op die vroulike behoeftes nie? Of is ons manne net so opgewonde oor die Valentysdag-maand?

Kerk in die wêreld het statisties baie meer vroue in as mans. Baie meer vroue dien op spanne om gemeentes te dien en bedien. Baie meer vroue is deel van Bybelstudie groepe, ens. Dis volgens die boek wat ek lees se statistieke. Ek dink wel ons is gelukkig in Caledon dat ons nog manne het wat hul gewig ingooi om die Koninkryk te bou. Ek dink ons het nog manne met invloed in die gemeenskap wat ook op kerk vlak `n invloed wil hê. Dis `n voorreg. Dis nie die algemene reël nie. Tog dink ek ook ons moet dink oor van die vrae.

Die skrywer David Murrow, is van mening dat mans verskillende verskonings gebruik waarom hulle nie daarvan hou om kerk toe te gaan nie. Of waarom mans nie so maklik by `n selgroep of so sal inskakel nie. Die hoofredes wat hy gee is dievolgende:

10. Ek het nie tyd nie.
9. Kerk werk nie vir my nie.
8. Dis vervelig daar.
7. Dis nie relevant tot my lewe nie.
6. Ek hou nie van die dominee nie.
5. Ek wil nie daaroor praat nie.
4. Dit vat te lank.
3. Hulle vra net my geld.
2. Kerk is vir sissies.

1.DAAR IS TE VEEL VALSE MENSE IN DIE KERK. (hypocrites)

Nommer 1 is sekerlik die een wat ek die meeste hoor. In Caledon het ek dit al 3 keer gehoor in 6 maande. Mense sal vinnig sê dat hulle nie meer wil deel wees van `n kerk waar mense in die week op `n slegte manier leef teenoor ander en dan Sondae hou hulle hulself heilig in die kerk. Volgens Murrow is hierdie redes verskonings vir iets baie dieper by spesifiek mans.

Nou wil ek vra dat jy as man of as vrou wat die lees saam met my hieroor sal dink. Enige terugvoer sal goed of interessant wees. Hierdie skrywe is nie `n oordeel nie, dis net gedagtes om oor te dink en gesels. Sommer by `n braai as jy wil.

Is mans regtig bang vir sekere goed in die kerk? (Is jy bang vir van die volgende goed?)

<u>Ek hou nie van kerk nie want dit bring slegte herhinneringe van my kinderdae terug</u>(styf, stil sit en knype).

<u>Ek gaan beheer verloor as ek moet "oorgee"</u>

Mans hou oor die algemeen nie van beheer oorgee nie. By die kerk word dit heeltyd "verwag" van mans. Hulle moet hul tyd, hul Sondag, hul geld oorgee.

<u>Ek is bang ek moet gesels met een of ander "vreemde" persoon</u>.

Kan dit wees dat jy dalk gevra gaan word om geselsies aan te knoop met iemand met wie jy nie graag sou assosieer nie? "Most men would rather attend a dull party than a great Bible study." (David Murrow)

<u>Ek is bang om my manlikheid prys te gee as ek 100% myself toewy aan kerk.</u>

Charles Spergeon het al in die 1800 gesê dat mans dink hulle moet hul manlikheid prysgee as hulle Christus wil volg, maar dis nie waar nie. Asof mans hul killer instinct moet prysgee of hul kompeterendheid moet los.

<u>Ek is bang ek word ook `n hypocrite as ek in die kerk is</u>.

Een van my vriende het een keer vir my gevra of ons dominees moeilik vriende maak. Dit was vir my `n snaakse vraag. Ek het nog nooit gedink ek maak moeilik vriende of dat my titel of my werk iets daarmee te doen het nie. Maar toe sê hy: "Willem, niemand wil vriende wees met `n dominee nie, julle hou ons terug." (Hy ken my van geboorte af en was een van die eerlikste vriende wat ek het). Mans is bang hulle sal nie hulle "week lewe" kan verander nie, en dan lyk hulle ook vals op Sondae in die kerk. Is jy bang daarvoor?

<u>Ek is bang want die standaarde van die kerk is te hoog</u>.

Om by die verwagtinge van die "kerk" of die Bybel te leef is te moeilik vir mans. Mans wil bietjie rowwer wees, bietjie meer onafgeronde grappies maak, ens. Nou om Jesus te volg is net te moeilik (Ek wil jou net herhinner aan die seuns van die donder wat deel was van die Apostels).

Hierdie is van die vrese wat Murrow lys by mans oor die kerk en oor geloof ens. Ek kan sien hoe van die vrese waar is by sommige mense. Ek dink selfs eerlik by my ook.

> Paulus sê in Efesiërs 5 mans moet hul vrouens liefhê soos Jesus die Kerk lief het. Is onsbereid om in die maand van liefde te dink oor wat dit beteken om man te wees met volle oorgawe en onderdanigheid aan Christus, terwyl ons liefde leef teenoor ons vrouens? Is ons bereid om ons vrese in die oë te kyk en eerlik met onsself te wees? Liefde dryf vrees en selfsug uit. Vrees weerhou jou van `n oorvloedslewe. Moenie vrees nie, leef liefde.

Terloops, ek dink die vrese is ongegrond, onnodig. Wat maak ons daarmee?

Mooi week vir julle. Mag ons mans en vroue saam dink oor hoe ons God voluit kan dien.



| Noemnaam | Surname | Verjaardag |
|---|---|---|
| Jolanda | De Wet | 02/10 |
| Marli | Koen | 02/10 |
| Mare | Louw | 02/10 |
| Brenda | De Wet | 02/11 |
| Talana | Groenewald | 02/11 |
| Stephan | Kellerman | 02/11 |
| Frikkie | Rust | 02/11 |
| Sunika | De Kock | 02/12 |
| Johan | Wiehahn | 02/12 |
| Stephan | Du Toit | 02/13 |
| Marco | Meyer | 02/13 |
| Mari | Lubbe | 02/14 |
| Carel | Nel | 02/14 |
| Mia | Van Zyl | 02/15 |
| Daniël | De Kock | 02/16 |
| Esta | Engelbrecht | 02/16 |
| Jan | Fick | 02/16 |
| Ben-Louis | Kriel | 02/16 |
| Dirk | Coetzee | 02/17 |
| Aletta | Gunter | 02/17 |
| Shelly-Ann | Milne | 02/17 |
| Ronelle | Niemand | 02/17 |
| Li-Hanke | Pieters | 02/17 |
| Jané | Swart | 02/17 |






## BASAAR 4 MAART

MAAK 'N NOTA EN KOM KUIER SAAM SATERDAG 9:00AM
VORMS MOET KERKKANTOOR VOOR OF OP 20 FEBRUARIE BEREIK.ONS BENODIG ASB HULP. LYSTE IS IN SAAL BESKIKBAAR. BAIE DANKIE
SIEN JULLE DAAR!

## WIT OLIFANT TAFEL



**Enige huisitems, klere, matte, throws, scatters, klein koffie/kanttafels, kombuisitems wat jou huis vol staan? Skenk dit vir die Basaar se Wit Olifant-tafel!**

**Kontak: Elanza du Toit | Anja de Kock**

## DOOPVIERING

*Handjies in klei*



**SONDAG 19 FEBRUARIE, DIREK NA KERK, BIED ONS WEER 'N GELEENTHEID VIR KINDERS OM HULLE HANDJIES IN KLEI AF TE DRUK TEEN R75/TEËLTJIE. SKAKEL GERUS DIE KERKKANTOOR OM JOU PLEKKIE TE BESPREEK.**

Op **18-20 Maart 2023** sal die 7de #imagine fees aangebied word, waarvan een in Bredasdorp in die Wes-Kaap en een in Bothaville in die Vrystaat sal plaasvind, luidens 'n verklaring deur Jeug en Familiebediening (NKG in SA).

Die naam #imagine kom van die teks Efesiërs 3:18 wat eer gee aan God, wat baie meer doen as wat ons ooit kan droom. *"Aan Hom wat deur sy krag in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink (imagine), aan Hom kom die eer toe." – Efesiërs 3:20-21a*

**Hoekom moet ouers hulle tieners na #imagine stuur?**

1. Tieners benodig **ervarings** om geloof hulle eie te maak – #imagine bied so 'n hoogtepunt. Die #imagine byeenkoms word juis 'n *experience* genoem, omdat dit meer is as 'n kamp of 'n fees.
2. Tieners vra baie **vrae** oor geloof en die lewe – #imagine skep ruimtes soos werkswinkels en kleingroeptyd om hieroor met ander te gesels.
3. Tieners is **sosiaal** – by #imagine kan jy tonne nuwe vriende maak van ander kerke en dorpe.
4. Tieners hou van **pret** – #imagine is vol verrassings en aktwiteite in tieners se "taal".
5. Tieners wil **sing en kreatief** wees – #imagine stel hulle bloot aan 'n diversiteit van aanbiddingstyle. En kreatiewe gebedstasies of "encounter stations" help hulle om Jesus persoonlik te ontmoet.
6. Tieners wil **mentors** hê – #imagine is 'n wonderlike geleentheid om dieper verhoudings te bou met kategete, ouers en ander leiers.
7. Tieners moet **begelei** word – daarom kan tieners nie net gestuur word na #imagine toe nie, maar moet hulle saam met 'n gemeente en volwassenes kom wat vir hulle verantwoordelikheid neem en hulle na die tyd opvolg. Gemeentes is dus inskrywingspunte en moet 'n leier vir elke groepie seuns of dogters stuur.
8. Tieners is **nie almal dieselfde nie** – #imagine bied iets vir almal om te geniet en te groei, ongeag jou persoonlikheidstipe of agtergrond.
9. Tieners wil **nie uitgesluit** word nie – #imagine moedig gemeentes en individue aan om tieners te borg wat nie die R500 kan bekostig nie en te help met vervoer. Gemeentes word ook uitgedaag om ander gemeentes op 'n dorp saam te nooi en al voor die naweek brûe te bou.
10. Tieners wil 'n **verskil maak** – duisende tieners getuig dat #imagine hulle help om te droom, glo en doen in gemeenskappe oral oor Suid-Afrika!

## SO HOU ONS KONTAK!

**Kerkkantoor**: 028 212 1202
ngkcaledon@twk.co.za

**Kantoor** Whatsapp-nommer:
072 807 3192

**Ds. Dewald du Toit**:
028 212 1332 |082 940 4901
dutoitdewald@yahoo.com

**Ds. Willem Lubbe:**
082 718 7298
willemlubbe@hotmail.com

Snap here to pay
SnapScan

**Webblad:** ngcaledon.co.za

**Facebook**: NG Kerk Caledon Moedergemeente

**Bankbesonderhede:** N.G. Kerk Caledon,
NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229
Takkode: 183509




